Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2224 9 Februarie 2024

# Eers dié een…. En nou dié een?





Die Appèlhof in Bloemfontein het verlede jaar April 'n 2019-uitspraak van die Gelykheidshof bekragtig dat die vertoon van die Unievlag, wat in 1928 aanvaar is en in 1961 Republiekvlag geword het, op haatspraak neerkom.

Dit wil voorkom of die Transvaalse Vierkleur, wat in 1857 die eerste keer gehys is, nou dieselfde pad gaan loop. Dit sal beteken dat beide vlae nie in die openbaar of selfs in jou huis vertoon mag word nie.

In die geval van die Republiekvlag is die uitspraak dat dit wel toegelaat word in byvoorbeeld museums of in akademiese konteks. Vandaar dat ***Die Afrikaner*** hierdie saak "in akademiese konteks" benader, naamlik dat dit neerkom op kultuurmoord, wat gelykstaande is aan die volksmoord klagte wat die ANC-regering in Den Haag gaan maak het.

Die Vierkleur het in die ANC-bewind se visier gekom toe twee van hulle ministers, Bheki Cele van polisie en Ronald Lamola, hulle in Groblersdal vasgeloop het in wapperende Vierkleurvlae, toe die ministers steun gaan gee het vir 'n werker wat na bewering besope was tydens sy tweede dag by sy nuwe werk by 'n sekuriteitsmaatskappy. 'n Hond het losgeruk en die oënskynlik besope swart werker aan die arm gegryp, en nou word twee blanke manne aangehou sodat klagtes van poging tot moord teen hulle gelê kan word.

Nie een van dié twee ministers was al ooit by die verskyning van Swartes wat blanke boere op hulle plase vermoor het nie, en waar die EFF "Kill the boer, kill the farmer" buite die hof sing nie.

Lamola het sy "afkeer" oor die Vierkleur vlae uitgespreek, aangesien dié vlag "vir sekere mense" aanstoot gee. Hy het gesê hy gaan die saak na die Menseregtekommissie verwys. Dit is dieselfde instansie wat destyds die wiel aan die rol gesit het om die Republiekvlag verban te kry.

Die leier van die HNP, mnr. Fritz van Graan, sê in sy reaksie hierop dat dit duidelik is dat alles wat beskaafd en edel was, vernietig moet word. "Die Vierkleur het 'n welvarende Boererepubliek verteenwoordig wat op Bybelse beginsels deur 'n Godsman regeer is. Dit moes eers deur die Britse kolonialis neergehaal word. Eweneens was die Unievlag, waaraan baie Afrikaners maar langtand gebyt het, uiteindelik 'n eenheidsimbool, wat 'n land verteenwoordig het met Christelike en morele waardes, met 'n sterk ekonomie, ekonomiese groei, lae werkloosheidskoers, doeltreffende polisie en weermag, lae misdaadskoers, en so kan die lys nog baie langer gemaak word.

"Omdat hierdie vlae beskawings verteenwoordig het, moet dit vernietig word, sodat dit nie wapper oor die primitiwiteit wat die huidige landsvlag verteenwoordig nie," sê mnr. Van Graan. Die vlag wat sedert 1994

*(Vervolg op bladsy 8)*

Die Redakteur........

# Nog bedrog op pad

Met die finalisering van hierdie uitgawe het Cyril Ramaphosa se staatsrede nog nie plaasgevind nie, en was dit nog nie bekend of die hof vir Julius Malema en sy span toestemming gaan gee vir hulle jaarlikse sirkusvertoning tydens die sogenaamde staatsrede nie. Aanduidings is dat die hof dit nie gaan toelaat nie, wat beteken dat dit 'n eentonige affêre gaan wees met Ramaphosa se eentonige gelieg oor die ANC se prestasies, en sy ewe nikseggende beloftes, want van dié gaan daar baie wees, want dit is verkiesingsjaar en daar moet beloftes gemaak word vir stemme.

Die vorige klompie jare is daar ook beloftes gemaak. Maar dit is hier waar die klug van die sogenaamde demokrasie inkom: Voordat hy met sy storietjies begin, behoort hy eers terugvoer te gee oor sy beloftes van verlede jaar, en wat daarvan geword het, met redes waarom dit nie gerealiseer het nie. Dieselfde sou behoort te geld met die minister van finansies se jaarlikse begrotingsrede, wat uit vyftig persent politieke retoriek bestaan, en uit vyftig persent finansies vir die komende jaar, maar met nul persent terugvoer oor die uitslag van die vorige jaar se ekonomiese prestasies of wanprestasies.

Van die sogenaamde verantwoordelike terugvoer, kom daar niks. In die verlede het parlementslede in die parlementêre reses verslagvergaderings in hulle kiesafdelings gehou, waar die kieser hulle voor stok kon kry oor wat in die parlement plaasvind. Dit het in die huidige bedeling verval, met die gevolg dat parlementslede, ministers en selfs die staatshoof in wese kan doen wat hulle wil sonder verantwoording. Net voor 'n verkiesing word die beloftekas oopgemaak.

In aanloop tot die staatsrede (wat terloops die belastingbetalers so 'n R6,5 miljoen uit die sak gaan jaag), het Ramaphosa 'n dokument die lig laat sien onder die titel "Laat niemand agter nie". Dit is waarskynlik die basis vir sy mooi broodjies-bakkery met die oog op die verkiesing, en daarin word vertel van die "suksesse" van die sogenaamde sesde administrasie. Daarin word goed vermeld soos die R1 500 miljard aan buitelandse beleggings wat belowe is, maar in werklikheid nog nie gerealiseer het nie. Daarin word beweer van 1,7 miljoen werksgeleenthede wat geskep is, word hoog opgegee oor die minister van elektrisiteit wat aangestel is, terwyl Eskom soos 'n dronkie nie weet wat om hom aangaan nie en beurtkrag fases tot drie maal per dag aanpas. Die dokument spog met die vervolgingsgesag wat nou skielik 34 staatskapingsake ondersoek, enkele suksesse van die Spesiale Ondersoekeenheid en Batebeslagingseenheid wat 'n klompie gesteelde geld teruggekry het, maar wat die burger op die grond nie bevoordeel nie omdat dit net weer elders vermors of gesteel word, en dan word daar gespog met die klomp nuwe polisielede wat in diens geneem is, terwyl dit al hoe duideliker word dat die polisie eerder deel van die probleem is as van die oplossing, as gekyk word na wapens in hulle besit wat "wegraak" en na die jaarliks stygende moordsyfer.

Dus weer dieselfde storie oor en oor. Werklike feite wat die lig gesien het, vertel 'n verhaal van algehele mislukkings sedert Ramaphosa se termyn in 2019 begin het: werkloosheid styg van 29,1% tot 31,9% in 2024; jeug werkloosheid styg van 43% tot 58%; die rand verswak teen die dollar van R14,44 tot oor R19,00; brandstofpryse styg van ongeveer R16,30 per liter tot by oor die R23 per liter; beurtkrag styg van 30 dae in die hele 2019 tot 33 dae in die eerste twee maande van 2024; in 2019 is "net" 57 mense per dag vermoor, teenoor 75 per dag in 2024;

Inflasie styg van 4,1% tot net onder 6%; voedselmandjiepryse styg van net oor R3 000 tot byna R5 300; die rentekoerse styg van 6,5% tot 8,25%, en die nasionale skuld styg in dollar terme van $166 miljard tot $298 miljard, terwyl 'n onuitspreekbare bedrag van R1,52 biljoen rand die laaste vyf jaar onregmatig verkwis is volgens die Ouditeur-generaal se verslag.

En as kersie op die koek sien die jongste internasionale indeks oor persepsies oor korrupsie die lig, en dié bevind dat Ramaphosa se administrasie selfs meer korrup is as dié van sy voorganger, Jacob Zuma. Volgens *Transparency International se Corruption Perceptions Index* vir 2023 het met twee punte tot slegs 41 gedaal, wat die laagste is wat dit nog ooit was.

Op troues sing die jong manne gewoonlik vir die bruidegom, wat mooi woordjies vir sy nuwe vrou wil toevoeg: "How the hell can we beleive him?" Wel, dit is hoe ons enige woorde en beloftes uit Ramaphosa se mond kan vertolk.

En moet natuurlik nie sy hooflofsanger, Fikile Mabalula, uit die oog verloor nie. Selfs Helen Zille het op sosiale media vir dié vent gelag toe hy op 'n video vyf leuens in 10 sekondes vertel – hy sê naamlik die mense gaan vir die ANC stem "omdat ons beurtkrag, staatskaping en korrupsie beveg het en werksgeleenthede geskep het".

Die enigste waar Ramaphosa wel geglo kan word, is wanneer hy dit vir die Blankes en spesifiek die Afrikaner wil moeilik maak. Ons sal onsself egter moet posisioneer om positief vir onsself te bou en ons eie toekoms te skep.

'n Besoek van *Die Afrikaner*, saam met onder andere die vorige en huidige leiers van die HNP aan Sol-Tech op uitnodiging van nr. Flip Buys, het bepaalde positiewe perspektiewe aangeraak, maar meer daaroor in die volgende uitgawe.

# “Die Uitdaging”

Deur **Dolf Buitendach**

’n Persoon het ’n dekade of meer gelede in sy eie gewaande wysheid voorgestel dat die woord “probleem” vervang moet word met die woord “uitdaging”. Dit het die ander ewe wyses so beïndruk dat die woord wêreldwyd gepropageer is as die universele woord wat onder alle omstandighede gebruik moet word.

Die propagering van die woord was so suksesvol dat die woord “probleem” uitgefaseer is en byna nie meer bestaan nie. Elke probleem het in ’n uitdaging verander en die wêreld het nie meer probleme nie.

Die politici het veral meedoënlose gebruikers van die woord “uitdaging” geword en gebruik die woord tydig en ontydig. Dit is opmerklik dat sedert die woord gebruik word, geen probleem meer opgelos word nie. ’n Probleem wat bestaan moet opgelos word en die persoon of regering wat die probleem moet oplos bly aanspreeklik totdat dit opgelos is. ’n Uitdaging is net om van kennis te neem en daar kan later, of glad nie, aandag aan gegee word.

Deur die woord uitdaging te gebruik is die aanvaarding van die “uitdaging” ’n keuse om dit te aanvaar of te ignoreer. Dit skep nie aanspreeklikheid soos om vir die oplossing van ’n probleem verantwoordelikheid te aanvaar nie. ’n Uitdaging plaas ook nie ’n sekere tydperk om dit op te los nie. ’n Probleem, daarenteen moet so spoedig moontlik opgelos word, want dit kan vererger en die verantwoordelike persoon raak al hoe dieper in die moeilikheid omdat dit nie opgelos word nie.

Daar kan met stelligheid beweer word dat die wêreld tans meer probleme het as ooit tevore. Dit het ook (is dit toevallig?) begin saam met die modewoord “uitdaging”. Dit bly vir die politici ’n uitdaging en word nie opgelos nie. ’n Uitdaging kan aanvaar of nie aanvaar word nie; daar is nie ’n verpligting nie. Dus, solank as wat ons probleme uitdagings is moet ons aanvaar dat die probleme in Suid-Afrika en regoor die wêreld net meer sal word.

Daar bly net een alternatief oor, verwyder die woord “uitdaging” uit ons woordeskat, vervang dit met “probleem” en los die probleem op binne ’n aanvaarbare tyd.

*(Dolf Buitendach is ook die skrywer van die boek “Semantiese Bedrog” waarin hy soortgelyke veranderinge uitwys.* **Red.**)


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir ’n naweek, middeweek of vakansie by

**Voorbegin Bosveldverblyf**

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.





# Buiteland



## Trump teen Biden



Die Amerikaanse president, Joe Biden, het stil-stil sy eerste amptelike voorverkiesing gewen in Suid-Carolina. Dié staat is hierdie keer eerste gekies, in plaas van Iowa en New Hampshire. Biden het met gemak meer as 95% van die stemme gewen en Dean Phillips, 'n kongreslid van Minnesota, en Marianne Williamson, 'n selfhelpskrywer, het ver agter geraak.

Biden het veral die steun van swart kiesers getrek. Sowat 76% van die stemme was van swart kiesers, wat ‘n toename was teenoor 2020, toe swart stemme 56% van die kiesers uitgemaak. Die toename onder swart steun vir Biden, gaan waarskynlik lei tot ‘n afname onder blanke steun vir hom, en kan Donald Trump en die Republikeine weer bevoordeel.

Maar die algehele kiesersopkoms was baie laer as vorige jare, wat daarop dui dat selfs die hoë insette van 'n Biden-Trump-herwedstryd dalk nie genoeg is om kiesers vir die posbekleër te mobiliseer nie. Die Biden-veldtog hoop dat onlangse sterker ekonomiese aanwysers Biden se lae gewildheid sal versterk, maar kiesers is huiwerig oor sy han-tering van die Israel-Gaza-oorlog, immigrasie en ander binnelandse kwessies.

Phillips, wat maar net meer as 2 000 stemme getrek het, het in elk geval probeer kapitaliseer op die swak opkoms. “Ek wens die President geluk met die meeste stemme vanaand. Maar die gebrek aan kiesersentoesiasme vir 'n Trump-Biden-herwedstryd word weerspieël in elke Demokratiese primêre uitslag hierdie verkiesing,” het Phillips gesê. "Kiesers is teleurgesteld dat hulle nie meer opsies het as die keuse tussen 'n bedreiging vir die struktuur van die nasie en 'n goeie man wat kiesers die aflosstokkie wil oorgee nie."

Hoe dit ook al is, die feit dat daar nie baie ophef gemaak is van Biden se oorwinning nie, is ‘n aanduiding dat daar in linkse kringe en hul media-vennote kommer is oor die verloop van sake.

Daarteenoor het die hele linkse media-koor saam gehuil toe Donald Trump ‘n absolute oorwinning behaal het in Iowa, waar hy meer stemme gekry het as sy drie teenstanders tesame. Dit het daartoe gelei dat Vivek Ramaswamy, wat vierde geëindig het, dadelik uit die wedloop onttrek het. Net daarna het Ron DeSantis, wat tweede meeste stemme behaal het, homself ook aan die presidentsresies onttrek. Hy is allerweë beskou as ‘n goeie alternatief vir Trump, indien dié se hofsake kan skeef loop. Die enigste ander oorblywende Republikeinse teenstander, is Nikki Haley, wat tans ‘n sterk persoonlike veldtog teen Trump voer, en hom daarvan beskuldig dat hy nie by sy volle verstand is nie en oor sekere sake lieg. Nogtans het dit haar niks in die sak gebring nie, want in New Hampshire het sy ook sleg tweede gekom teen Trump.

Intussen wys meningspeilings daarop dat Trump steeds algeheel voorloop teenoor Joe Biden, al


**Die Afrikaner**



admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Gideon Grobler
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray

**Uitleg en tegniese versorging:**
Mev. Juanita Powroznik

verskil hulle maar met twee of drie persent. Volgens een van die jongste peilings is kiesers gevra wat hulle keuse sou wees as Trump in een van die talle hofsake teen hom, skuldig bevind sou word. In daardie geval sal Biden met twee persent voorloop, wat dui op ‘n sterk lojaliteit teenoor Trump, selfs al sou hy teenspoed optel in die howe.

Daar word nou al bespiegel wie Trump as sy kandidaat vir adjunk-president gaan aanwys. Tydens ‘n onderhoud met Fox News het hy gesê hy wag nog met die aankondiging, maar het laat deurskemer dat daar twee mense is waarvan hy baie hou, naamlik senator Tim Scott van Suid-Carolina en Suid-Dakota se Goewerneur, Kristi Noem. Aan die ander kant is daar aanduidings dat Vivek Ramaswamy, wat uitgeval het ná Iowa, homself wil posisioneer as ‘n adjunk vir Trump, deur sy byna oordrewe steun en lofprysing vir Trump. Ramaswamy is egter ‘n Indiër van herkoms, en die feit dat die kiesers van Iowa hom ‘n deeglike afranseling gegee het, sal Trump twee maal laat dink om hom aan te wys. Politieke ontleders het nogal gedink dat Trump dalk vir Ron DeSantis sou kon benoem, veral na Trump se vleiende woorde oor DeSantis nadat laasgenoemde sy onttrekking uit die veldtog aangekondig het.

## Oud-leier se graf gekoop



Tagtig jaar ná sy dood bly die Vlaamse nasionalistiese leiersfiguur, Staf De Clercq, ‘n bron van aansporing by Vlaamse nasionaliste. Deur skarefinansiering het simpatiseerders sy mausoleum-graf gekoop, geleë op die Kesterheide in die Pajottenland. Daardie stukkie natuur was eens 'n mitiese plek vir die ontluikende Vlaamse nasionalisme.

Hy was ‘n kampvegter vir Vlaamse belange, maar wat die linkses altyd teen hom hou, is dat hy ook ‘n simpatiseerder was van Hitler-Duitsland. Hy het egter alle na-oorlogse vervolging van sogenaamde “kollaborateurs” vrygespring, want sy swak gesondheid het hom in Oktober 1942 sy lewe gekos.

Hy is aanvanklik in Kester, 'n sub-munisipaliteit van Gooik, begrawe. 'n Jaar later, nog in die middel van die oorlog, is sy oorskot 'met militêre eer' verskuif en by geleentheid van die tiende bestaansjaar van die VNV na 'n entjie verder weg, op sy geliefde Kesterheide. Sy opvolger, Hendrik Elias, wat later deur die Belgiese staat tot lewenslange tronkstraf gevonnis, en dr. August Borms wat deur die Belgiese staat in 1946 tereggestel is vir sy samewerking met die Duitsers, het nog die herbegrafnis bygewoon.

In al haar voorsienigheid het weduwee De Clercq die stuk grond dadelik gekoop en kon dit binne die familie bly.

Werkgroep, Kesterheide, het einde verlede jaar die perseel by De Clercq se peetseun en kleindogter oorgeneem via skarefinansiering vir minder as 200 000 euro. Die perseel is as bougrond geregistreer, maar die kleindogter het geëis dat die graf onaangeraak bly.

Die afgelope jare het Voorpost verantwoordelikheid geneem vir die skoonmaak en instandhouding van die monument.

Afgesien van die grafmonument, speel dié plek onteenseglik 'n rol in die geskiedenis van die Vlaamse beweging. Vanaf 1920 het Staf De Clercq sy jaarlikse “landdae” daar gereël, wat duisende Vlaamse nasionaliste gelok het.

Staf De Clercq (1884-1942), opgeleide onderwyser, het as vrywilliger tydens die Eerste Wêreldoorlog geveg. In 1921 is hy tot die Parlement verkies op die lys van die Front Party. Hy was lank 'n wethouer in sy tuisdorp, Kester. In die vroeë 1930's het hy die spilpunt geword van 'n Vlaamse nasionalistiese hereniging.

## Europese boere protesteer




Die afgelope weke het boere in groot dele van Europa dele van die land toegemaak uit protes teen verskillende maatreëls wat verskillende regerings wil instel en wat boere erg gaan raak.

In Duitsland het boere die lughawe van Frankfurt versper omdat dieselrabatte vir boere uitgefaseer word.

In Nederland het boere die paaie versper uit protes teen omgewingsbewaringsmaatreëls, in België het die boere groot dele van die land feitlik onbegaanbaar

gemaak omdat landbougrond steeds minder word en boere nie hulle bedrywighede kan uitbrei nie, en ook as gevolg van die skommeling in pryse wat hulle vir hul produkte kry omdat hulle prysnemers is, net soos die Suid-Afrikaanse boere.

Baie van die protesoptredes het intussen al afgekoel en talle versperrings is reeds deur die boere self verwyder.

In Italië is die einde van die boere se betogings nog nie in sig nie. Die boere het Saterdag met sowat 150 trekkers in Orte, 'n uur se ry van Rome, opgetree. Hulle het aangekondig dat hulle binnekort na die Italiaanse hoofstad sou reis.

In Switserland versprei die betoging na die Franssprekende deel van die land en sowat dertig trekkers het van die Geneefse platteland na die Plainpalais-vlakte opgeruk om voldoende vergoeding vir hul werk te eis.

In Roemenië het die land se boere en vervoerders – wat van die eerstes in Europa was wat hul ontevredenheid uitgespreek het deur paaie te versper – hul optrede gestaak. In Frankryk het die polisie die laaste blokkades opgeruim.

Terwyl boere hier en daar in Vlaandere hul blokkades opgehef het, het 'n afvaardiging van die Vlaamse Ardenne na Michelbeke gegaan. Daar het hulle hulself met hul trekkers voor premier Alexander De Croo se huis gestasioneer. Die Eerste Minister het uitgekom om met die boere te praat.

“Ons het met die Eerste Minister gepraat oor die moeilike punte wat intussen bekend geword het,” het boer Hans Van Quickelberghe aan die media gesê. "Ons is tans in die duister oor die toekoms vir ons maatskappye. Ons het geen sekerheid meer nie en daardie onsekerheid maak dit moeilik vir ons kinders om die keuse te maak om die maatskappy by hul ouers oor te neem. Die Eerste Minister het ons belowe om op ‘n ander wyse na die spesifieke probleme van landbou in die Vlaamse Ardenne te kyk.”

"Ek verstaan dat boere bekommerd is, baie spesifiek oor die landboutoekoms vir hul kinders," sê premier De Croo. “Ek het vir die boere gesê wat ons op korttermyn gaan doen. Daardie mense is lief vir die natuur, want hulle leef daarvan. Hulle beskerm die natuur. Nou word hulle in die hoek gesit van diegene wat die natuur vernietig en hulle verstaan dit nie. Ons moet dringend beter na hulle luister. Saam met hulle moet ons kyk hoe ons ons klimaatdoelwitte kan bereik.”

Daarna het De Croo gesê dat hy 'n “versekeringsmeganisme” wil hê om boere te beskerm.

“Boere is entrepreneurs wat op langtermyn belê,” het hy gesê. "Soms word vir hulle gesê: die reëls verander, en hulle verloor alles. Ek verstaan dat dit baie desperaatheid veroorsaak."

Volgens die Eerste Minister is een van die grootste probleme waarmee boere te kampe het die soms aansienlike skommelinge in die pryse wat hulle vir hul produkte ontvang. Om hierop te reageer het De Croo die instelling van 'n “solidariteitsmeganisme in die voedselketting bepleit, sodat hierdie skommelinge nie heeltemal op boere val nie”.



Die premier het gepraat van 'n versekering of 'n fonds, waartoe die voedselbedryf byvoorbeeld ook bydra, en waarmee boere vir die ergste skommelinge vergoed kan word. “Dit is nie 'n probleem dat wins gemaak word nie, maar almal moet 'n ordentlike wins kan maak,” het hy gesê. "Afhangende van die produk, lê die wins nou by die verwerker of by die verspreiding."

Boonop is dit volgens De Croo nodig dat sommige internasionale handelsooreenkomste aangepas moet word. "Kompetisie is goed, maar met dieselfde reëls," het hy gesê. “Dis nie vandag die geval nie.”

Tog glo die boere dat hulle steeds nie genoeg waarborge het nie. Die boere het nog konkrete waarborge nodig, het die organisasie vir die boere, die Boerenbond, gesê. “Ons sal ons eise, 'n plek vir landbou in Vlaandere, minder administratiewe las en regsekerheid, verder by die Vlaamse regering verdedig,” sê Boerenbond se woordvoerder, Elisabeth Mertens.

Volgens die Boerenbond het die optrede van die laaste tyd nie uit die bloute gekom nie. “Boere vra al drie jaar om gehoor te word,” beklemtoon Mertens.

Sy verwys na verlede jaar toe drieduisend boere met hul trekkers die strate ingevaar het. "Honderde besware is ook by die Vlaamse regering ingedien. Ons boere voel desperaat. Maar ons verstaan ook dat daar frustrasie onder burgers was weens die oorlas wat die protesaksies veroorsaak het," het Mertens gesê.

Die Boerenbond is intussen deur die Vlaamse regering uitgenooi om volgende week om die tafel te gaan sit. ■

# Woord en wêreld

## Wat hou die nuwe jaar in?

***Deur Dr. Gideon Grobler***



**Skrifgedeelte:** Fil.1: 12 *En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat wat my wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het.*

**Oordenking:**

Paulus is baie begaan daaroor dat die lesers van sy brief, die Filippense, maar ook u en ek, hom rég verstaan, hy wil seker maak dat hy deurdring tot elke leser met sy boodskap: *...ek wil hê dat julle moet weet, broeders...* Iets van: "Broeders (en susters) julle moet my regtig verstaan, glo my asseblief! My gevangenisskap het voordeel vir die Evangelie!"

Paulus sus die gemeente van Fillipi tot kalmte. Hulle is erg bekommerd oor hom en hy het geweldige waardering daarvoor, maar hy probeer hulle oortuig dat daar niks is om oor bekommerd te wees nie, stel hy hulle gerus! Asof hy wil sê: "Vergeet hoe dit met my Páúlus gaan, dit gaan goed met die Evangelie en dít is rede tot lof, ...nie tot kommer nie!

Sjoe, wat 'n geloofsuitdrukking!! Wat 'n ewigheidsperspektief is dit nie!

Die Griekse woord wat hier met bevorder vertaal is, het 'n breër Griekse betekenis. Dit wil 'n besónderse vordering uitdruk, dit wil sê soos 'n pionier deurdring in nuwe onontdekte wêreld in, só is die Evangelie hier bevorder. Hoe??

Vers 13 sê: *sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander.*

Wie is hierdie keiserlike lyfwag waarvan hier gepraat word?

Hierdie lyfwag was een van die elite soldate van die Romeinse leër! Hulle was die persoonlike lyfwagte van die keiser. Hulle was ook meer as net lyfwagte, hulle het ook soms gedien as veiligheidsraadgewers van die keiser.

Ons kan ons indink hoe belangrik dit vir die keiser was dat Paulus veilig toegesluit is as hy sy persoonlike lyfwag daarvoor gebruik! Asof dit nie genoeg was nie, lees ons elders dat Paulus fisies met 'n ketting aan die wag vas gesluit was. Hy mag nie wegkom nie!

Dit is van hierdie erge omstandighede waarvan Paulus wil leer dat dit juis tot voordeel van die Evangelie is! Hoe? Hierdie wag wat aan hom vas gesluit is, is net soveel aan Paúlus vas as wat Paulus aan die wag is. Paulus vertel vir hierdie wag wat nêrens sonder Paulus kan gaan nie, die Evangelie! Hy kan nie weg kom nie, hy moet luister! Later wissel die wagte, dan is dit die volgende een se beurt om te luister! Natuurlik het almal nie gehou waarvan hy praat nie, maar later (4:22) sien ons uit 'n opmerking van Paulus dat die meerderheid dit ter harte geneem het, dat hierdie gesprek ook tot in die keiser se paleis oorvertel is en dat selfs die keiser dit op dié manier gehoor het! Baie van die keiserlike personeel het tot geloof gekom, soveel só dat hulle in vers 22 hul groete aan die gemeente van Fillipi stuur! U sien, soos 'n pionier deurdring na waar niemand nog was nie, het hierdie omstandighede die Evangelie laat deurdring tot waar dit nooit sou gekom het as Paulus nie in gevangenskap was nie!

Die Evangelie is 'n erg aansteeklike saak!

Die Evangelie is nie nét aansteeklik in die sin daarvan dat die een dit vir die ander vertel nie, maar ook wat waagmoed betref nie. Vers 14 leer hoe die eens ongelowiges, ten spyte van die gevaar wat dit inhou om oor die Evangelie in die godlose keiserlike paleis te praat, die waagmoed van Paulus ewe aansteeklik is.

Paulus het dit nie uit homself nie, maar vra die Efesiërs in Ef. 6:18-20 dat hulle vir hom moet bid sodat hy met vrymoedigheid sal praat. Wanneer hy dit dat van God kry, is dit ewe aansteeklik.

Vra u en ek genoeg: "Vader lei my deur U Gees dat ek sal weet wat om te praat, dat ek sal weet wat om te bid, ... ook in my persoonlike gebed?

Na wat ons lees en verneem, of dit waar gaan word, sal die tyd leer, maar word voorspel dat 2024 moontlik en dalk selfs waarskynlik die moeilikste jaar van ons lewe tot hier gaan wees. Ek is nie 'n politieke ontleder nie, maar probeer "man van God" wees! Dus is my vraag: Indien dit waar is, watter uitwerking gaan dit op u en my hê? Maak dat ons nóg meer kla, of soos Paulus? Toe sy omstandighede nét so moeilik was, was, hy nie oor homself begaan was nie, maar oor die bevordering van God se saak!

Gaan ons biddend die vrymoedigheid neem om te praat, ongeag die omstandighede, sodat ook u en my vrymoedigheid, ander aansteek om te praat sodat die Evangelie verder kan aansteek?

**Gebed:** *Hemelse Vader, lei ons asseblief deur U Gees dat ons sal weet wat om te sê, wanneer ons moet praat en dat ons die moed het om dít te sê, sonder aansien des persoon en ongeag die omstandighede!* ***AMEN***

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

**Hermanus van der Schyff**

Ons het Dinsdag, 30 Januarie 2024, 'n video ontvang waarin die Israelse premier Netanyahu die wêreld inlig dat Israel die oorlog teen Hamas en ander "terroriste" gaan voortsit en nie vrede sal sluit nie. Hy beskuldig Hamas van terrorisme en barbaarsheid. Hy verwys nogal na die Bybel waar dit sê dat daar 'n tyd vir oorlog is en 'n tyd vir vrede is. Hy sê verder dat die streep tussen die magte van die beskawing en die magte van barbaarsheid getrek is.

Hy vra dan dat beskaafde nasies oral hulle moet steun. Hy sê dat die oorlog ook vir die beskaafde volke is en dat Israel se oorwinning 'n oorwinning vir dié volke sal wees.

Die verklaring van Netanyahu lui verder dat die oorlog intenser gaan wees en dat daar nie gekies gaan word of jy 'n Moslem is of nie. Met die VSA wat Israel steun, gaan Israel nie net van wapens en fondse voorsien word nie. Sou Israel suksesvol wees, sal hulle ook die grondgebied vir hulself opeis. Dit kan dan ook gebeur dat ander lande soos Iran, Arabië en ander by die gevegte ingetrek word.

Sou Israel die oorlog wen, ontstaan die vraag oor hoe hulle teen Suid-Afrika gaan optree? Onthou dat Ramaphosa Israel by die wêreldhof verkla het. Gaan Israel dan probeer om vrede oral te sluit of sal hulle dan ook teen dié vyande militêr optree?

Dit sal sleg wees as Suid-Afrika in 'n oorlog betrokke moet raak. Ons weermag is swak en ons weermagvoertuie staan met pap wiele en oproes. As dit ‘n moontlikheid sou raak, kan die Boere-Afrikaner dalk die geleentheid kry om vry te raak met ‘n eie parlement en grondgebied.

Ons weet nie wat voorlê nie, maar in God se planne kan enigiets gebeur.

# Vlae

*(Van bladsy 1)*

as landsvlag gebruik word, verteenwoordig presies die teenoorgestelde van die Vierkleur en Republiekvlae – dit verteenwoordig staatskaping, korrupsie en diefstal op die hoogste vlak, aftakeling van weermag, spoorweë, poskantoor, ‘n florerende wapennywerheid, ‘n bankrot lugdiens, moorde van 76 per dag en ander misdade, ‘n vrot en korrupte polisiemag, en so kan daardie lys ook nog langer gemaak word.

“Daar is waarskynlik meer mense vir wie die huidige landsvlag aanstoot gee oor dit wat hy verteenwoordig as mense wat aanstoot neem teen die historiese vlae gesamentlik. Dalk het dit tyd geword dat ‘n opname gemaak word oor wie aanstoot neem teen die huidige vlag, en dan daardie feit op die Menseregtekommissie se tafel gaan neerplak,” sê mnr. Van Graan.



## Meegevoel

Oom Frank O' Niell (81) in jare lange HNP lid van Heidelberg , is onlangs oorlede aan bloedklonte in sy longe.

‘n Bekende in HNP-kringe en oud-dagbestuurslid, mnr. Kobie van der Hoven, is op sy plaas naby Perdekop in Oos-Transvaal op sy plaas aangeval (sien foto).

Ons simpatie gaan uit na die familie van mnr. O’Niell, en ons wens Kobie van der Hoven spoedige en algehele herstel toe.

**(Red.)**

## Israel verloor sy ewige immuniteit:

# Waarnemings oor die Internasionale Geregshof se uitspraak

**Dr. Sydney Gregan**



Hongersnood en die uitbreek van siektes, kan die dodetal in Gaza skerp laat styg.



Die uitspraak van die Internasionale Hof in die aansoek wat deur Suid-Afrika geloods is, het my verras. Gegewe die feit dat die hof bekend is vir sy “politieke” uitsprake en ook die samestelling van die regbank, was dit aangenaam verrassend om te sien dat die oorgrote meerderheid telkens ten gunste van die gevraagde regshulp gestem het (met slegs Israel en Oeganda se regters wat telkens teen die beslissings gestem het) en selfs die Amerikaanse regter (en president van die hof) wat elke keer ten gunste daarvan was.

Nogtans het moedswillige en leuenagtige kommentators (waaronder Pretoria FM) berig dat die hof beslis het dat geen volksmoord gepleeg is nie. Die hof is nooit gevra om dit te doen nie. Die hof is genader vir ‘n tussentydse bevel en is gevra dat maatreëls ingestel moet word om ‘n volksmoord te voorkom. In daardie doel is geslaag. Weliswaar is Israel nie gelas om ‘n skietstilstand in te stel nie, maar wel om aksies wat volksmoord daar kan stel, te voorkom.

Dis natuurlik ‘n totaal ander saak of Israel gehoor sal gee aan die uitspraak. Ek is van mening; en dis reeds deur Netanyahu bevestig, dat Israel dit nie sal doen nie.

Die vraag of dit (‘n poging tot) volksmoord is, sal eers later deur die hof beoordeel word. Die woord volksmoord word links en regs gebruik deur politici soos dit hulle pas. State gebruik dit veral om ander state wie se regerings hulle wil ondermyn, te beswadder. Die meeste mense verstaan dat "volksmoord" beteken dat 'n groot deel van 'n gegewe bevolkingsgroep doodgemaak word as deel van 'n poging wat op totale uitwissing gemik is. Vroeg in 2021 het die uittredende Trump-administrasie en inkomende Biden-amptenare albei in die openbaar verklaar dat die Chinese regering 'n “volksmoord” gepleeg op die Uighur-bevolking van die Xinjiang-provinsie, ondanks die versuim om bewyse te lewer dat 'n beduidende aantal Uighurs eintlik vermoor is, en die media het die beskuldigings sterk bevorder.

As politieke leiers en die medepligtige hoofstroommedia 'n "volksmoord" kan verklaar sonder enige oënskynlike moorde, het die woord sy betekenis verloor. Die teenoorgestelde is ook waar: as die media swyg oor ‘n volksmoord, soos wat nou in Palestina gebeur, sal die mensdom nie daarvan kennis neem nie.

Die term "volksmoord" is oorspronklik omstreeks 1944 uitgevind deur 'n Joodse propagandis genaamd Raphael Lemkin, wat dit gebruik het as 'n manier om Nazi-Duitsland te stigmatiseer en te beswadder. In 1948 het die Verenigde Nasies se volksmoordkonvensie volksmoord gedefinieer as een van vyf "dade gepleeg met die doel om 'n nasionale, etniese, rasse- of godsdienstige groep geheel of gedeeltelik te vernietig". Hierdie vyf dade was: om lede van die groep dood te maak, ernstige

liggaamlike of geestelike skade aan hulle te berokken, lewensomstandighede op te lê wat bedoel was om die groep te vernietig, geboortes te voorkom en kinders met geweld uit die groep oor te plaas. Slagoffers word geteiken as gevolg van hul werklike of vermeende lidmaatskap van 'n groep.

So beweer ons ook dat lede van ons volk vermoor word omdat hulle Blankes is. Ek het reeds daarop gewys dat as wat Israel nou doen nie ‘n volksmoord is nie, onsself nog baie ver van ‘n volksmoord is. En dis juis hier waar die pro-Israel-brigade die punt heeltemal mis deur die baba met die badwater uit te gooi. Wees anti-ANC, ja vir tienduisende redes, maar moet nie in die proses jou eie saak benadeel nie.

En juis daarom is die hof se uitspraak betekenisvol.

### Israel se suiwering van die Palestyne

Byna 70% van die inwoners van Gaza wat vermoor is, was vroue of kinders, 'n demografiese profiel baie naby aan dié van die algemene Gaza-bevolking. Aangesien Hamas geheel en al uit volwasse mans bestaan, dui dit daarop dat byna al die sterftes dié van ongewapende burgerlikes was, wat die afgelope paar dekades byna ongekend is in militêre konflikte. Dis niks anders as ‘n bloedbad nie met swaar bombardement van die baie digbevolkte stedelike sentrum. In Pretoria FM se opinie (en sy Joodse proseliete wat graag kommentaar lewer!) is dit geregverdigde vergelding om onskuldige vroue en kinders te vermoor en die plek eenvoudig plat te vee. Daarmee het die radiostasie al sy geloofwaardigheid prysgegee.

Na minder as een maand het die Israeli's reeds meer plofstof laat val as die tonnemaat wat ooreenstem met die kernwapens wat by Hiroshima en Nagasaki gebruik is, en hulle het sedertdien hul aanvalle versnel, 100 000 plaaslike geboue vernietig en byna twee miljoen mense dakloos gemaak. Pretoria FM trek eenvoudig sy skouers op vir hierdie feite.

Vroeg in Desember 2023 het die *Financial Times* berig dat die vernietiging wat die weerlose noorde van Gaza na slegs sewe weke van Israeliese aanvalle aangerig het, soortgelyk was aan dié wat die Duitse stede die ergste getref het na jare se geallieerde bomaanvalle tydens die Tweede Wêreldoorlog, 'n verstommende vergelyking. Ja, die katastrofiese vernietiging van Noord-Gaza in minder as sewe weke word vergelyk met die ergste bomaanvalle in menseheugenis. Die ooglopende Israeliese bedoeling was om Gaza totaal onbewoonbaar te maak en genoeg mense (terloops, Israel beskou hulle as “diere”) dood te maak om hulle in die Sinai-woestyn in te dryf, waardeur die Israeli's die land kon annekseer soos baie van hul politieke leiers voorgestel het. Talle top Israeliese politieke en militêre leiers het uitdruklik gestel dat die inwoners van Gaza uit die gebied gedryf en verwyder moet word.



Met die gegewe feite was die bykans eenparige uitspraak van die hof dat daar sterk bewyse was dat die mense in Gaza 'n ernstige risiko loop om 'n moontlike volksmoord deur die Israeli's te ly. Die Israeliese regter — 'n voormalige hoofregter van die Israeliese Hooggeregshof — het saam met die ander regters gestem dat die Israeliese regering alle maatreëls moet tref om aanhitsing tot volksmoord op die Palestyne van Gaza te voorkom en te straf. Blykbaar verskil Pretoria FM selfs van hierdie regter?

Israel het absoluut geen wettige verweer hoegenaamd vir sy aanvalle op Gaza oor die afgelope vier maande nie, en namate meer en meer feite na vore gekom het, het die pogings tot regverdiging al hoe swakker geword.

Hamas het in 2007 aan bewind gekom ná vrye verkiesings wat deur die Amerikaners gereël en regverdig beoordeel is, maar na die verrassende oorwinning by die stembus het Israel en die Weste 'n onsuksesvolle poging georkestreer om die stemming deur militêre mag omver te werp. Israel het sedertdien 'n blokkade en beleg op Gaza ingestel: Vir meer as vyftien jaar is meer as twee miljoen Palestynse inwoners van Gaza streng beperk tot wat *Human Rights Watch* en ander toonaangewende internasionale organisasies wyd beskryf het as die wêreld se grootste opelug gevangenis of konsentrasiekamp, met al hulle voedsel, brandstof, medisyne en uiterlike beweging wat streng beheer word deur hul Israeliese bewaarders.

### Palestynse verset

Toe die Palestyne in 2018 begin het om groot, ongewapende vreedsame optogte te hou om teen hul verskriklike situasie te protesteer, is hulle deur Israeliese

troepe vermoor, met duisende dood of gewond. Maar gegewe die streng beheer oor die wêreldwye media deur Jode en ander pro-Israelmagte, is die aansienlike aantal sterftes wat die totaal ongewapende Gaza-betogers toegedien is, byna heeltemal geïgnoreer. Die eenvormige pro-Israel Westerse wêreldmedia het die slagting van Palestyne vir baie jare verberg, sodat die Israeli's letterlik met moord kon wegkom.




Intussen het die Israeliese regering honderde miljoene dollars bestee aan die bou van massiewe versterkte verdediging rondom Gaza, wat volgens hulle die moontlikheid van enige inval deur Hamas heeltemal uitgeskakel het. Daarom, toe die baie suksesvolle Hamas-aanval die "verdedigingslyn" gebreek het, het die selfvoldane en selfversekerde Israeli's heeltemal paniekerig geraak, en hul Apache-helikopters is beveel om enigiets wat met Hellfire-missiele beweeg het, te skiet en baie groot getalle Israeliese burgerlikes dood te maak. Die presiese getal is onseker, maar op grond van die bewyse lyk dit asof 'n meerderheid van al die ongewapende Israeliese burgerlikes wat op 7 Oktober vermoor is, eintlik gesterf het deur hul eie "trigger-happy" militêre magte, met dalk so min as 100 tot 200 wat deur die Hamas-vegters vermoor is, in baie gevalle per ongeluk. En let wel, hier gebruik ek 'n Joodse bron!



Hierdie waarskynlikheid is nie regtig verbasend nie, aangesien die hoofdoel van die Hamas-aanval was om Israeli's gyselaar te neem wat dan verruil kon word vir die duisende Palestynse gevangenes wat sonder verhoor in Israeliese gevangenisse aangehou is, soms jare lank en onder wrede omstandighede. Intussen is bevestig dat die Israeliese regering sy berugte "Hannibal-direktief" geïmplementeer het, wat Israeliese militêre magte beveel het om Israeli's wat deur Hamas gevange geneem is, doelbewus te teiken en dood te maak om sulke latere uitruilings van gevangenes te voorkom. Die verrassend-suksesvolle Hamas-aanval op 7 Oktober was 'n groot verleentheid vir die Israeli's, en pro-Israelse propagandiste het gou belaglikhede begin verkondig, soos die bewerings van veertig onthoofde babas of 'n baba wat in 'n oond gebraai is.

Al hierdie bedrog is gretig aanvaar en bevorder deur vooraanstaande Westerse politieke elite en media. Waaronder die radiostasie wat eens op 'n tyd darem nog verklaar het dat die "Vierkleur weer sal wapper!"

Maar gegewe die totale nasionale vernedering, was die Israeliese militêre reaksie wat daarop gemik was om die hulpelose burgerlikes van Gaza te straf, geweldig wreed, met waarskynlik reeds meer as 30 000 slagoffers. Byna al Gaza se hospitale is vernietig, saam met die plaaslike universiteite, skole, moskees en kerke en administratiewe geboue. Die *New York Times* het 'n artikel gepubliseer wat die wydverspreide Israeliese gebruik van beheerde slopings beklemtoon om al hierdie burgerlike infrastruktuur doelbewus te vernietig. Die ooglopende bedoeling is om die hele gebied onbewoonbaar te maak en Gaza se Palestyne permanent uit te dryf. Dit is bepaald nuttig om hierdie Israeliese vergeldingsveldtog van massiewe vernietiging te kontrasteer met hoe ander lande gereageer het in die nasleep van vergelykbare gebeure. Israel word klaarblyklik deur niemand getemper nie.

**Sionisme se oogmerk**

Die Sionistiese doel was nog altyd om Israel as 'n etnies-Joodse staat te vestig en al die inheemse Palestyne te verdryf. In 1948 het die Sioniste naby die bereiking van die doel gekom, byna 80% van die gebied in beslag geneem en byna 'n miljoen Palestyne gewelddadig uit hul ou vaderland verdryf en baie van hulle doodgemaak in 'n onmenslike en wrede proses van etniese suiwering.

Maar oor die afgelope drie geslagte het Palestynse getalle vinniger gegroei as Joodse getalle, en hulle vorm nou byna presies die helfte van die bevolking

van die beoogde Groter Israel, wat nou 7,2 miljoen Jode en 7,2 miljoen Palestyne bevat. As die Palestyne dus burgerregte kry, sou Israel onmiddellik ophou om 'n Joodse staat te wees. Daarom was die Israeliese strategie voor 7 Oktober om 'n aparte staat in die Wesoewer in stand te hou, terwyl die Palestyne van Gaza beperk was tot 'n opelug gevangenis.

Die gebeure van 7 Oktober word nou deur Israel misbruik as 'n verskoning om sy demografiese probleme op te los deur al die Palestyne eens en vir altyd dood te maak of te verdryf, met opnames wat toon dat die grootste deel van die Israeliese publiek blykbaar die plan ondersteun. Die Israeli's het die afgelope paar maande die invoer van voedsel, water en medisyne in Gaza ernstig beperk sodat daar reeds wydverspreide honger en dors is, met 'n hooggeplaaste VN-amptenaar wat die gevolglike hongersnood as 'n "ongekende" krisis beskryf.

Volgens hierdie berigte maak die Palestyne van Gaza nou ongeveer 80% uit van al die mense in die wêreld wat katastrofiese honger in die gesig staar. Boonop gebruik talle top Israeliese leiers eksplisiet volksmoordtaal teenoor hierdie Palestynse bevolking.

Tog doen die politieke leiers van Amerika, Brittanje, Duitsland en baie ander Westerse lande wat eindeloos met hul humanitêre beginsels spog, mee aan hierdie proses deur dit te verdoesel of blatant te lieg daaroor. Duidelik word hulle deur Sioniste beheer.

### "Antisemitisme" as antwoord

Diegene wat Israel van "volksmoord" beskuldig, word beswadder met die woord wat alle debat moet beëindig, naamlik "antisemitisme." Dit is die taktiek wat hierdie Jode en hulle proseliete vir dekades lank gebruik. Maar nou het Israel sy houvas op minstens een woord verloor, naamlik volksmoord. Hulle is nou self in die beskuldigde bank.

Intussen, in die res van die wêreld buite die invloed van die Westerse hoofstroommedia, lyk steun vir die Palestynse saak absoluut oorweldigend, beslis onder die twee miljard Arabiere en Moslems, maar ook elders. In Rusland en Sjina is daar, minstens wat die publiek betref, oorweldigende steun vir die Palestyne.

Netanyahu, wat skaars aan bewind kan bly in Israel sal in sy desperaatheid poog om Amerika in 'n oorlog met Iran in te sleep. Netanyahu en sy politieke bondgenote, waaronder die Amerikaanse "neocons", doen inderdaad al dekades lank hul bes om 'n Amerikaanse aanval op Iran aan te wakker deur militêre provokasies, oneerlike propaganda en politieke druk te gebruik om hierdie doel te bereik. Vir meer as dertig jaar het die Israeliese leier verklaar dat Iran op die punt staan om 'n kernwapen te vervaardig en gestop moet word. Maar Iran, met steun van Rusland, gaan 'n perd van 'n ander kleur wees. Ek dink dis hoekom die VSA huiwer om Iran in te val.



Dus, Netanyahu gee nie om wie en wat hy betrek nie en wat die gevolge daarvan sal wees nie. Hy moes inderwaarheid lankal reeds inhegtenis geneem gewees het vir die oorlogsmisdade wat sy land en sy weermag pleeg, maar die VSA sal dit verhoed.

### Israel het sy immuniteit verloor

Vir my is egter die mees betekenisvolle van die uitspraak dat sedert 26 Januarie 2024 Israel sy "immuniteit" verloor het en Israel en sy Westerse borge nie meer die "Holocaust" en "volksmoord" kan gebruik om hulself te beskerm teen aanspreeklikheid vir hul misdade teen die Palestynse volk nie.

Die oorweldigende eenstemmigheid van in die paneel van 17 regters - dit was óf 15-2 óf 16-1 in alle stemme - het getoon hoe geïsoleerd Israel is. Die punt is: selfs hierdie hof verdink Israel nou van volksmoord.

Die Holocaust-kaart dien nie meer om Israel te beskerm teen die ondersoek na die ernstigste misdade teen die mensdom nie. Dit is duidelik 'n skok vir Israeli's. Hulle het nie net verwag om 'n lang lewe van straffeloosheid te lei vir hul aanvanklike en kardinale misdaad om die Palestyne etnies te reinig nie - hulle het ook verwag om die rol van die ewige historiese slagoffer, die slagoffers van 'n enkele "volksmoord" wat hul slagofferstatus vir ewig sou behou, te handhaaf. Maar die volksmoord op die Palestyne, wat in werklikheid nog altyd daar was as deel van die eliminasie - Sionistiese projek - word nou regoor die wêreld uitgesaai. Die staat Israel is

so straffeloos bederf dat sy leiers geen kommer gehad het oor volstrekte volksmoordaanhitsing nie; sy soldate is so gewoond daaraan om te doen wat hulle wil dat hulle hulself verfilm het terwyl ernstige oorlogsmisdade gepleeg word. Hulle kon nie ‘n flenter omgee wat die wêreld dink nie. Golda Meir het by geleentheid opgemerk dat "Jode na die Holocaust kan doen wat hulle wil." Dit blyk nou dat slim dalk sy baas gevang het.

Die buitengewone status van die “Holocaust” het die nuwe Joodse staat wat in Mei 1948 gestig is, ook uitsonderlik gemaak, veral in die lig van die vele “oorlewendes” daarvan wat gekies het om hul lewens daar te probeer herbou. Israel se uitsonderlike status het gelei tot 'n moedswillige vervaging van sy fundamentele misdaad, die Nakba: die massa-uitsetting van meer as 750 000 Palestyne en die vernietiging van honderde dorpe en nedersettings in die 1948-oorlog.

Dat Israel enige misdaad onder internasionale reg kon pleeg, het in hierdie uitsonderlike raamwerk byna ondenkbaar geword. Straffeloosheid vir Israel is dus ná die Tweede Wêreldoorlog in die internasionale regstelsel ingebou. Die dringende behoefte om die Nakba te verdoesel, het ook voortgespruit uit die breër stukrag om die aard van die Israeliese staat as 'n onwettige okkupering en anneksasie te ontken.

En terloops; wat Israel doen is hoegenaamd nie “apartheid” soos wat sommige beweer nie. Apartheid wou aan elke volk ‘n eie staat gee; Israel ontneem die Palestyne van al hulle historiese grondgebied en vermoor en vermink en verjaag hulle in die proses. Daar is dus ‘n reuse verskil!

Slagofferskap gee dikwels aan die selfingenome slagoffers 'n gevoel van etiese suiwerheid en/of morele meerderwaardigheid en inokuleer (“vrywaar”) die groep om kriminele dade wat deur die groep gepleeg word, te hanteer. Dit word die enigste beskrywer van die groep en verduister enige nuanse wat die groep of die optrede van die groep meer akkuraat kan beskryf.

Israel is nie meer die enigste “slagoffer” op die internasionale toneel nie, hy het dit in net drie maande verloor. Hy is, vir diegene wat regtig die geskiedenis bestudeer, met sy Satanistiese Jode aan die spits, die groot aanhitser van geweld en ondergrawer van bestaande beskawingsordes oral, ook in ons land. Gaan lees maar weer oor die Jode van Rivonia en oor die Jood agter Pratt en Tsafendas. En dis nog iets wat die “Israeliete” in ons eie geledere hoegenaamd nie insien nie want hulle word of self befonds deur hierdie Jode of is te lui om daaroor navorsing te doen.

Ek wil lesers opnuut aanraai om tog net twee boeke te lees as hulle dan nie tyd het vir die res nie: *The Controversy of Zion* deur Douglas Reed en *The Zionist Factor* van Ivor Benson.







**En wat nou van ons eie volk?**

Ek is na alles van mening dat ons ons tyd mors om die res van die wêreld te probeer oortuig dat ons ‘n volksmoord in die gesig staar. Veel eerder moet ons aksies daarop gerig wees om in verset te kom teen die onreg op ons volk op elke gebied, en om vryheid in ons eie vaderland op die langtermyn na te streef. ‘n Hof gaan nie vir ons vryheid gee nie en min state het werklik simpatie met ons volk. State kyk net na hulle eie belange. Dis nie in enige staat se belang dat ons volk oorleef nie. En veral nie vir die groot rolspelers nie. Ons is op ons eie aangewese. Hoe gouer ons dit besef, hoe beter. Die Afrikaner sal moet bewys dat hy nog oor daardie wil besit, iets wat my geweldig bekommer.

Die ANC het wel met sy aanklag teen Israel homself ook nou aangekla. Ek dink nie die ANC besef dit nie. Hulle is immers maar net pionne in die internasionale arena. Die lof vir hierdie “oorwinning” in die Internasionale Hof kom in elk geval die SA-regspan toe. Of moet Iran eerder vir die poging geloof word...?

Ek is steeds van mening dat Israel op die een of ander wyse wraak gaan neem teen Suid-Afrika omdat hulle durf waag het om hom voor hierdie hof te sleep. Dit kan indirek wees soos om Amerika te dwing om sanksies in te stel of internasionale ooreenkomste in gedrang te bring. Dit kan dalk ook veel erger wees. Tyd sal leer.

Wat die ANC nou gaan beleef, is wat ons volk vir baie jare aan die hand van hierdie Sionistiese Jode beleef het. Elke hond kry sy dag…

Miskien is die uitspraak van die hof vir ons volk dalk soos manna uit die hemel. En miskien net sal meer mense se oë oopgaan in die komende tye. ■

# Lesers sê hul sê

vandegraafhenk@gmail.com

**Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*.**
**Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.**

***(Red.)***

## Sound of Music eensydig links




Ek is pas terug van, weereens, 'n héérlike vakansie in die Kaap by ons familie-strandhuis by die mooiste stukkie paradys op die ganse aardbol.

Kry ek toe by 'n dierbare niggie 'n goed-bedoelde, maar asem-wegslanende kersgeskenk. Prysgewys asem-wegslanend. Nie-weet-hoe-op-aarde-dit-geregverdig-kan-word-nie asem-wegslanend: 'n R500+-kaartjie vir 'n vertoning van die musiek-"spel" Sound of Music. Einste DAARDIE, met komplimente van Hollywoodse, Sound of Music van doerie tyd, maar dié keer op die verhoog.

In die, o tog só polities korrekte, en net omdat dit 'n *Afrikaanse* naam was, naam-geveranderde Nico Malan-teater in Kaapstad; daardie "Artscape"(of só-iets)-teater wat dit vandag is.

Natúúrlik, net soos met die Hollywoodse weergawe, en om sekere ideologieë ter wille te wees, wéér skaamteloos deurtrek van blatante verdraaiings van en leuens oor die kontroleerbaar-werklike, historiese feite van die tyd waarin dit afspeel. Soos, byvoorbeeld, die Duitsers/Nazi's, wat ALWEER as die narre, die hansworse, maar veral ook, geleentheid-aangrypende, as die varke van die verhaal, die skurke, die demone voorgestel word. Gerieflik, en lekker vergetende alle en enige links-liberale alewige geskreeue dat alle sake altyd twee kante het en altwee kante gehoor moet word. Behalwe net, natuurlik, as en totdat dit by die Duitsers, en veral, die Nazi's, kom. Nes met apartheid en Verwoerd... Dán is daar skielik net EEN kant; die linkse kant, die Hollywood-kant, die kyk-hoe-"verskriklik"-was-die-Nazi's-kant... Dan bestaan geen ander, geen tweede kant nie.




En ongelukkig, soos dit toe wéér ná die vertoning blyk, ons eie mense wat al só geïndoktrineer is, dat hulle nie eers besef dat hulle nog NOOIT die ander kant, die Nazi-kant, vertel is en gehoor het nie; dat daar nog NOOIT vanuit dieselfde Hollywood ENIGE produksie gekom het wat die Duitse kant van die verhaal weergee nie. Trouens, die skok en verbystering by dié mense, die, toe dit vir hulle uitgewys word, vir hulle, ondenkbaarheid, dat daar hoegenaamd dalk ook 'n Nazi-kant kon wees, en dat dit ook gehoor behoort te kan word, was opvallend.

Nietemin, eweneens polities korrek, word Kaptein Georg von Trapp se kindertjies (anders as in die Hollywood-weergawe) in dié Kaapse weergawe, toe skielik héérlik veelrassig!! Onverklarend — natúúrlik!! — hoe dit biologies moontlik kon wees vir die blanke Kaptein Von Trapp om in Kaapstad skielik ook swart en kleurling kindertjies te kon hê (terwyl foto's van die werklike, oorspronklike Von Trapp-gesin wys dat hulle almal baie lelie-Blank was). Maar nee, dié vraag word natuurlik in alle tale ontwyk en verswyg; nooit gewaag gevra, verduidelik te word nie; dit word, soos die Covid-pes, met die grootste Kaapse draaie vermy. Polities té verkeerd, té ongemaklik, sien!! Solank die veelrassigheid teen wil en dank net lekker-lekker by die hare ingesleep kan word...

Oor die res van die histories-verkragtende feite (veral oor die Nazi's); en oor die o só polities-korrekte veelrassige akteurs, swyg ek maar...

Ek verstaan dié produksie het glo pas ook in Transvaal begin. Ek beveel aan dat dit geboikot

word, en niemand dit gaan bywoon nie.

As feite klakkeloos en sito-sito verkrag kan word om sekere politieke denke te behaag, laat hulle dan maar die ANDER politieke denke VOEL!!! Aan hulle sakke...!

**Johan Wiesner**
*Verwoerdburg*






**LINDA NTELEZA**
**Ensemble**

As a full-time member of the Cape Town Opera Chorus, Linda Nteleza, from Khayelitsha in Cape Town, has travelled internationally with the Company's productions, including *Porgy and Bess*, *African Angels* and *Grace Notes*. Her journey in music began with local community choirs and high school choir competitions, leading her to the University of Cape Town Opera School, where she obtained a Postgraduate Diploma in Opera. Other roles at Cape Town Opera include Barbarina in *Le nozze di Figaro*, Musetta in *La bohème*, Zerlina in *Don Giovanni* and Bianca in *La rondine*.

**DINEO BOKALA**
**Ensemble**

Dineo, a member of the Judith Neilson Young Artist Programme at Cape Town Opera, developed her passion for operatic music at Sehunelo Secondary School in Bloemfontein. She began her formal training in 2018 as a student at the Odeion School of Music at the University of the State, under the guidance of voice lecturer Leana Lötter. That she secured second place in the Soprano Open Section of the Musicon Competition and emerged as the all-round winner of the Rhapsody in Bloem Competition. In 2019, Dineo won first prize at the Musicon Competition.

**CINDY-ANN ABRAHAMS**
**Ensemble**

*Cindy-Ann completed her Performers Diploma in Opera in 2014, and has trained under Jeremy Quickfall and Shaun Klaasen. As an active performer in both musical theatre and opera, Cindy-Ann's diverse stage experience include L'elisir D'amore, Il Viaggio a Reims, Opera5/20, Le Nozze Di Figaro, and The Rake's Progres. Cindy-Ann's musical theatre repertoire includes Evita, The Little Mermaid and Calling Us Home. Other accolades include Principle in Radio Tydloos 1&2, Kyknets' Joe Show met Emo Adams, SA's Got Talent 2013 semi-finalist, Gabrielle Goliaths' art piece Elegy and the DSTV Kyknet Mitchell's Plain Festival.*

**TJAART VAN DER WALT**
**Ensemble**

*Tjaart, a graduate of the Luitingh Alexander Musical Theatre Academy (2021), has actively contributed to various productions, notably in the recent production of Spring Awakening at Theatre on the Bay. Excited about making his debut on the Artscape Opera House stage, he is thrilled to be a part of The Sound of Music.*

**ASISIPHO PETU**
**Ensemble**

Since joining the Judith Neilson Young Artist Programme at Cape Town Opera in 2023, mezzo-soprano Asisipho Petu, hailing from Queenstown in the Eastern Cape, has had notable performance opportunities, including roles with the Company as Armelinde in Viardot's *Cinderella* and Annina in *La traviata*. Asisipho completed her Diploma in Vocal Art at the Tshwane University of Technology (cum laude) and subsequently obtained both an Advanced Diploma and a Postgraduate Diploma in Performing Arts at the same institution. Her repertoire extends to performing in opera and oratorio choruses and other leading roles.

**LÉA BLERK**
**Ensemble**

Léa trained at Julie Dickson's The Drama Lab before studying musical theatre full time, and since then has been in love with the medium of theatre. She studied singing, dancing, and acting at LAMTA and graduated in 2022 with a distinction. Her theatre credits include: Pepper in Pieter Toerien's *Annie* (2016), Theresa von Herzfeld in *Mephisto* directed by Christopher Weare (2021), Nina in *Stupid F*cking Bird* directed by Christopher Weare (2022), and a featured dancer in LAMTA's dance show *Come Together* which played in Cape Town and Johannesburg (2022-2023).

**VAN WYK VENTER**
**Ensemble**

Currently based in Cape Town as a member of the Cape Town Opera Judith Neilson Young Artist Programme, Van Wyk Venter has been nominated for a Fleur du Cap theatre award for Best Performance in an Opera – Male, for his portrayal of Belcore in the Company's production of Donizetti's *L'elisir d'amore*. His musical journey began at the Drakensberg Boys Choir, where he honed his skills as a soloist, chorister and instrumentalist. After earning a first-year music scholarship to Stellenbosch University, he trained under Minette du Toit-Pearce, completing his BMus (Hons) cum laude in 2020.

**BRANDON JONES**
**Ensemble**

*Singer/Actor Brandon studied at the Waterfront Theatre School where he acquired a teaching degree in speech and drama, completed multiple dance levels, and played the lead in Our House the Musical. His performance experience includes singing alongside Lady Smith Black Mambazo, opening for The Kiffness, and performing with the KZN Philharmonic Orchestra under Richard Cock. Since completing his studies, Brandon performed in Peter Pan the Musical, the documentary Rhino, and acted alongside Nathalie Dorma in his debut M-Net series White Lies. He currently works at Stardust, a Theatrical dining restaurant.*

## Joodse Judaïste verwerp Christus



Ds. van Antwerpen se repliek op dr. Sydney Gregan se skrywe rondom Israel verwys.

Ek vind dit vreemd dat 'n teoloog die Jode van Israel (vandag) beskou as die "uitverkore volk", let wel: nog "verstrooid". Dit wil sê reg oor die wêreld.

Die Jode wat tans in Israel woon se geloof/religie is as volg: 73,6% Judaïsme, 18,1% Moslem en slegs 1,9% Christene.

Judaïsme verwerp Jesus Christus as Messias en dit is volgens Joodse eskatologie.

Die werklike messias het volgens hulle nog nie gekom nie. Hul verwerp dus die Godskap van Jesus Christus en dus ook die Drie-Eenheid van God. Hul "bybel" is die Torah of te wel die eerste vyf boeke van Moses.

Dit was die Joodse godsdienstige leiers, die Fariseërs en skrifgeleerdes, wat Christus laat kruisig het.

Wat lees ons in ons Bybel? "Niemand kom na die Vader behalwe deur My (Christus) nie."

Dalk moet ds. Van Antwerpen gaan kers opsteek by een van haar kerk se hoogleraars, prof. HG van der Westhuizen rondom haar standpunt.

Die huidige stryd in die Ooste is tussen twee heidense groepe, die een Moslem en die ander Judaïsme.

Is ek reg?

**Jan van Blerk**
*Stilbaai*

---

## Wie is die uitverkore volk van God?

Ek verwys na die brief van ds. Rita van Antwerpen, in ***Die Afrikaner*** van 1 Desember 2023, waarin sy haar ontsteltenis uitspreek oor dr. Sydney Gregan se artikels oor Israel, die Israeliete en wie die uitverkore volk is. Ek dink nie haar aanval was geregverdig nie. Dr. Gregan se standpunt is verantwoordbaar teenoor die hele Skrif en die heilshistoriese ontvouing daarvan en gevolglik wil ek graag reageer op haar kommentaar.

U sê dat God 'n ewige verbond met Israel het en dat hulle woes gelaat gaan word totdat hulle Christus erken as die Messias.

Ja, maar hulle moet Christus bely as hulle Salig-

maker en Verlosser om deel te hê aan Hom en Sy uitverkore volk anders is hulle heidene en nie deel van Sy volk nie. Gal 3:29 *"En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename."* Dus is die volk Israel nie meer deur geboorte sonder geloof die uitverkore volk van God nie. Ja die verbond is ewig met Israel, maar Israel is alle gelowiges wat in die Drie-Enige God glo.

Ek neem aan u verwys na Openbaring 1:7 toe u geskryf het: *"...en dit gebeur eers volgens ander Skrifgedeeltes, as Sy teken in die wolke verskyn, hul sien wie hul deurboor het."* Hierdie gedeelte verwys egter na die wederkoms; waartydens elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is (Fil2:11) tog sal almal nie gered word nie, want met die wederkoms is dit dan reeds te laat om tot bekering te kom. U vra ook: "Wat van die gelykenis van die verlore seun?" Deurdat dit duidelik verwys na die wederkoms waar alle terugkeerkans verby is, is die gelykenis van die verlore seun nie hierop van toepassing nie en nie 'n geldige argument nie.

U haal Rom. 11 aan en argumenteer dat die hele Israel tot bekering sal kom, dit is egter nie waar nie. Dit is waar dat die etniese Jode wat soos Paulus deur die genade in Christus glo die oorblyfsel is, hulle is egter nie bloot die oorblyfsel deur net Jode te wees nie, maar deur hulle geloof in Christus deur genade. Nie al die Jode van Israel sal tot bekering kom nie, slegs die wat uitverkies is saam met die uitverkorenes vanuit die heidene wat duidelik word in vers 7 van Rom. 11. Nog in dieselfde hoofstuk waarna u verwys, skryf Paulus onder die inspirasie van die Heilige Gees: *"Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard."* Dan in verse 19-22 waar hy praat van ons (heidene) wat op hulle olyfboom geënt word, sê hy: *"Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word."* Die woorde *"nie gespaar het nie"* laat ons weet dat hy as 'n nasie die Jode nie meer as God se volk beskou het nie. As individue kan hulle steeds verlossing hê; as individue verskil hulle nie van enigiemand anders nie. As 'n nasie is hulle ook nie anders nie: almal het Jesus nodig. Al die beloftes en vloeke van die Skrif is vir God se mense. Kyk maar weer na Galasiërs 3:29... daaruit is dit duidelik dat



vandag is Christene daardie mense as hulle in God se "goedertierenheid bly" (Rom. 11:22).

Ek gaan nie reageer op wat u sê ou volkshelde oor die moderne staat van Israel of die Jode gesê het nie, want u self skryf: "Dis ons probleem, ons luister nie na die Skrif nie, maar wat geleerdes sê." U skryf ook verder: "Met die opkoms van die Neo-Calvinisme, het hul teruggegaan na wat die Roomse kerk oor Israel leer en is die ou profete se profesieë als van toepassing gemaak op die Christendom — die beloftes, nie die oordele. Dit terwyl die kerk ingelyf is by Israel, en nie andersom nie!!!" Die siening dat die etniese Jode nie meer die volk van God is nie, is geensins 'n Neo-Calvinistiese terugkeer na Roomse sienswyses nie, maar egter so Klassiek-Gereformeerd soos Luther self, soos mens kan sien uit die volgende aanhaling waar Luther self aan die woord is: "Therefore this work of wrath is proof that the Jews, surely rejected by God, are no longer his people, and neither is he any longer their God. This is in accord with Hosea 1:9: "Call his name Not my people, for you are not my people and I am not your God." Yes, unfortunately, this is their lot, truly a terrible one. They may interpret this as they will; we see the facts before our eyes, and these do not deceive us." – Martin Luther in sy boek *On the Jews and Their Lies*, 1543. Die Kuyperiaanse Neo-Calvinisme het al in die 1930's 'n sterk oplewing gehad in die NG Kerk net voor die goue jare van ons volk wat teen ongeveer 1938 begin het en in 1961-1966 sy hoogtepunt bereik het, waarmee ek dink u as leser van ***Die Afrikaner*** sal saamstem. Dit het juis onder die teologiese invloed van die Neo-Calvinisme gebeur. Israel as etniese volk is nie meer die uitverkore volk van God nie, soos duidelik blyk uit die gelykenis van landbouers in Mat 21:33-46, waarna dr. Gregan reeds verwys het. Jesus vra sy gehoor in vers 40: *"Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?"* Sy gehoor antwoord korrek: *"Die slegte mense — hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee."* Jesus bevestig hierdie gevolgtrekking deur in vers 43 te sê: *"Die koninkryk*

*van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."* Deur die verwerping en doodmaak van die Seun van God (Matt 23:37-38), sou die koninkryk van God van die Jode weggeneem en aan alle gelowiges gegee word. Die verbondsteken is nie meer die besnydenis om te wys jy is deel van die uitverkore volk van God nie, maar geloof in Jesus Christus met die doop as verbondsteken. *"Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."* (Rom. 2:28-29). *Nou is die "Israel van God" nie as gevolg van fisiese geboorte en besnydenis nie, maar deur 'n "nuwe skepsel" te wees* (Gal 6:16). Eksodus 19:5-6 het oor die Jode gesê dat hulle die eiendom van God is, en hulle 'n koninkryk van priesters sal wees as 'n heilige volk. Hulle ongehoorsaamheid het egter daartoe gelei dat hulle *"uit die land geruk word"* (Deut. 28:58,63). Noudat die Jode hul status verloor het, sê 1 Pet. 2:4-5,9 presies dieselfde oor Christene *"Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus...* 9 *Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig," Christene is nou God se uitverkore volk; dit maak nie meer saak of 'n mens Jood of nie-Jood is nie* (Hand 10:34-35). *Geestelike geboorte is nou die ingang tot die koninkryk en die bewys dat jy deel is van Sy uitverkore volk.* (Joh. 3:3,5).

U skryf ook die volgende: "Want die seën oor ons volk gaan uitbly. Trouens, juis toe ons in ons kerke begin toelaat het dat dit klaar is met Israel en ons nou Israel is - die vervangingsteologie - het dit met ons volk al hoe slegter gegaan." Dit is 'n losse stelling. Meer waarskynlik is dit dat ons volk God se seën verbeur omdat ons afvallig en wêreldgelykvormig geword het.

Ek stem derhalwe met u saam dat dit nie met ons as volk beter sal gaan as ons ons nie voor die enige ware God; die Drie-Enige God, verootmoedig nie. Daarom is my gebed dan ook dat ons as Afrikaners, maar ook die Israeliete, tot bekering sal kom en Christus as die enigste Weg, Waarheid en Lewe sal aanvaar en so deel van Sy uitverkore volk sal word. (Joh. 14:6)

**Pieter-Willem Möller**
*Pretoria*


# HUTTEN-BUCHDIENST



Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
**hutten.buchdienst@gmail.com**
072 229 2148

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**
Reg. 2009/003378/24

ORANJEKAS

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**
012 754 5454
kontak@oranjekas.co.za

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




**Liewe sus Katrien,**

Party mense hou meer van slaap as ander. Vir my is slaap een van die lekkerste tydverdrywe wat daar is. Om vroeg wakker gemaak te word, maak dat ek sommer heeldag soos 'n kroes hoender rondloop.
Dinsdagoggend toe my kop nog heerlik knus teen my kussing gewikkel lê, skud Servaas my wakker: "Vrou, daar klop iemand."

Ons het ons maar toegewikkel in japonne en met skeefgeslaapte hare gaan kyk watse moeilikheid gearriveer het.

Bok en 'n snikkende Bokkie, omring van tasse, staan afgeëts teen die opkomende son. "Asseblief oom Servaas, kan ons maar hier kom bly, ons het ons goed gevat en geloop, daardie man is mal, ek sê vir jou, so mal soos 'n hoender!"

Ons het die twee laat sit en ek het gaan koffie en beskuit regkry. Koffie help vir alles.

"Nou wat het nou gebeur, oom Bok, vertel nou mooi kalm," sê Servaas. "Nee, dis daardie boorgat! Hy het 'n man met 'n stokkie gekry om water te wys, toe kry hulle die gat reg voor ons kamerdeur onder die plaveisel," vertel Bok terwyl hy bewend teug aan die koffie. "Nou het hy daar 'n pomp opgesit wat nes my oorlede oom Sewes se Listertjie klink en die ding werk heeldag en heelnag, aan en af, aan en af. Ons kan nie met mekaar praat nie, wat nog van probeer slaap!"

Tweede Wind is stampvol en oorkant die pad is nog net die ou huis wat eers geverf moet word voordat iemand daar kan slaap. Ons besluit om vir Kwarta te vra of sy oop plek het by Koekemakranka, maar sy is ook stampvol bespreek. Uiteindelik kom Septimus met die voorstel dat die twee solank in sy skilpadwa kan bly. Bokkie kan vir Kwarta help met die gaste en Bok kan help om die huis oorkant die pad uit te verf dan kan hulle daar twee kamers kry.

Uiteindelik het ons die twee in die skilpadwa en hulle bagasie gestoor in 'n agterkamertjie by Koekemakranka. Servaas en Septimus onderneem om met Vaal Man by die aftree-oord te gaan onderhandel.

Die son het al hoog gesit toe ek eers begin normaliseer na my wrede wakkerword. Ek stap oor na Kwarta om te kyk of daar iets is waarmee ons nog kan help. Sy is in die kombuis besig om 'n groot pot bredie te kook vir al die gaste.

"Lettie, ek het nou mense hier wat vreeslik baie eet, seker oor hulle nie mag praat nie."

"Is dit 'n soort sekte of iets?"

"Nee dis 'n huweliksterapeut wat hulle gestuur het. Bejaarde egpare met onmin, nou moet hulle vir 'n week so saam bly sonder om te praat. Bedags moet my arme man hulle in die groentetuin laat werk tot hulle baie moeg is, ons is só bang een val om. Die terapeut sê as hulle moeg gewerk is en nie mag praat nie, sal hulle nie nog baklei nie. Maar Lettie, nou haal hulle dit uit op my kos, hulle eet en eet. Eintlik kom Bokkie soos gestuur hier aan sy kan glo goed kook."

Die son het deur die stormwolke gebreek en ek sak neer op my stoepstoel. Uiteindelik kan ek 'n uiltjie knip. My ooglede sak toe en my arms en bene raak swaar...

"Tannie Lettie! Ek het nou 'n naam gekry!" roep oom Janneman my wakker. "Ai ekskuus, ek sien Tannie slaap amper. Ek maak gou koffie dan is Tannie lekker wakker," sê hy terwyl hy en sy vierpoot skaduwee kombuis toe gaan.

"Tannie, ek is nou moeg om te sê Tweede Tweede Wind, ek dink ons noem die plek KWADRAAT. Hier's die koffie."

Dinsdag was slaap my nie beskore nie. Maar vroeg gaan inkruip.

Groete ook aan ou Swaer.

*Jou liefhebbende*
*Sus Lettie.*

